Annexure F

CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA


| | | |
|---|---|---|
| NAVRAE/ENQUIRIES/IMIBUZO: | Ricardo Morrie | Alexanderstraat 46 Alexander Street |
| TELEFOON/TELEPHONE/UMNXEBA: | 021-870 3202 | ✉ 100 |
| FAKS/FAX/iFEKSI: | 021-872 1277 | STELLENBOSCH |
| E-POS/E-MAIL/iE-MAIL: | rmorrie@capewinelands.gov.za | 7599 |
| U VERW/YOUR REF/iREF YAKHO: | **15/4/1 (16721)** | |
| ONS VERW/OUR REF/iREF YETHU: | **15/2/6/1** | |


10 Oktober 2022

Die Stads Bestuurder
Drakenstein Munisipaliteit
Posbus 1
Hoofstraat
Paarl
7622

**<u>VIR AANDAG</u>: Mnr. Matthew Ontong**

Meneer

**AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK :**
**ERF 16721, KOORSTRAAT 1 , GROENHEUWEL, PAARL , 7646**

U epos gedateer 7 Oktober 2022 insake bogenoemde, het betrekking.

Hierdie aansoek kan vanuit 'n omgewingsgesondheidsoogpunt aanbeveel word vir goedkeuring, mits daar aan die volgende voorwaardes voldoen word:

1. <u>Riool / Sanitêre Geriewe</u>:

1.1 Rioolbeskikking op die perseel moet ten alle tye op 'n oorlasvrye wyse geskied en is die verantwoordelikheid van die eienaar.

1.2 Die huidige aantal toiletgeriewe maak slegs voorsiening vir die akkommodasie van 'n maksimum van 30 kleuters.

2. <u>Drinkwater / Stormwater</u>:

2.1 Drinkwaterkwaliteit op die perseel moet ten alle tye voldoen aan die minimum bakteriologiese en chemiese standaarde vir drinkwater, soos bepaal deur SANS-kode 241.

3. <u>Vaste-afvalbeskikking</u>:

3.1 Vullisversameling en –opberging moet op so wyse geskied dat dit nie 'n gesondheids-oorlas tot gevolg sal hê nie.

3.2 Vullisverwydering moet geskied ingevolge die Drakenstein Munisipaliteit se Verordening Nr. 17/2007 - Vullisverwydering se spesifikasies, met ander woorde verpligte gebruik van die munisipale diens.

3.3 Voorsien die voorgestelde bedryf van 'n vullisarea wat aan die volgende vereistes voldoen:
3.3.1 Ruim genoeg om al die vullis wat op die perseel gegenereer word te berg.
3.3.2 Ontoeganklik vir publiek; met ander woorde 'n toesluitbare deur of hek.
3.3.3 Knaagdier- en insekdig volgens die beste beskikbare metode.

4. <u>Voedselhantering</u>:

4.1 Die kombuis moet ten alle tye voldoen aan die minimum vereistes vir voedselhanteringspersele soos bepaal deur Regulasie R638 (Regulasies m.b.t. die Algemene Higiënevereistes vir Voedselpersele, GKR 638 van 18 Junie 2018) in terme van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, Wet 54 van 1972.

4.2 Voedselvoorbereiding mag onder geen omstandighede plaasvind alvorens daar aansoek gedoen is by die Omgewingsgesondheidsdepartement van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit om 'n Geskiktheidsertifikaat nie. Hierdie sertifikaat sal uitgereik word na inspeksie en indien die perseel voldoen aan die vereistes van Regulasie R638.

5. <u>Algemene voorwaardes</u>:

5.1 Die dagsorgsentrum moet ten alle tye voldoen aan die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit se Verordening insake Munisipale Gesondheid: Hoofstuk 5: Kindersorggeriewe en –instellings gedateer 15 Februarie 2010.

5.2 Hierdie Departement behou die reg voor om verdere vereistes te stel gedurende die bedryf van die dagsorgsentrum.

U kan my met vrymoedigheid kontak indien u enige verdere navrae het óf kommentaar in dié verband benodig.

Die uwe

**Ricardo Morrie**

**Omgewingsgesondheidspraktisyn**

**Namens Munisipale Bestuurder**